

Laslapplekkerte

Lus om iets spesiaals vir jou dogter te maak? Maak dan die pragtige laslapdeken en kyk hoeveel komplimente kry jy

BENODIGDHEDE


2 m katoenstof vir die valletjie
sewe lengtes bypassende materiaal van
1 m elk (122 cm breed)
5 m aanstrykvoering (Vilene)
2,5 m lakenlinne vir die voering (230 cm
breed)
2,5 m watteersel (ongeveer 1 cm dik)
1 string perskekleurige borduurgaring
enige bypassende kant, lint of ander ver-
siering

AANWYSINGS

Boonste deel: Knip 63 vierkante van
23 cm x 23 cm (9 vierkante uit elke stuk
materiaal). Indien jy dit verkies, kan jy
nou lint en kantversiering op die vier-
kante vasstik. Jy kan selfs appliekwerk op
sommige van die vierkante doen. Besluit
op die appliekontwerp en knip dit uit die
verskillende bypassende materiale. Stryk
Vilene met 'n warm yster en nat lap ag-
terop vas. Speld papier agterop die vier-
kante waarop jy appliekwerk gaan doen,
vas. Plak appliekontwerp op die vier-
kante. Stik met satynsteek en bypassende
gare om die ontwerp. Skeur die papier
agterop die vierkant versigtig af.

Lê vierkante uit soos jy verlang, maar
elke dwarsry moet 7 vierkante bevat en
elke lengtery 9 vierkante. Met regte kante
op mekaar en 1-cm-naattoelatings, stik
die sewe vierkante in die eerste ry aan-
mekaar, en merk dit nommer 1. Herhaal
nou met die tweede ry en nommer dit 2
en gaan so voort. Pars alle nate oop.

Stik nou die nege rye aanmekaar. Pars
die nate oop. Dit voltooi die laslap-bo-
kant. Vir 'n valletjie is 7,5 cm die regte
breedte (5 cm sal styf staan en 10 cm sal
hang). Vir 'n 7,5-cm-valletjie moet jy ge-
noeg stroke van 18 cm breed knip en aan-
meekaarstik tot dit 1 270 cm lank is. (Die
val moet dubbel die deken se omtrek van
635 cm wees om dit te kan inryg.) Stik die
twee kort ente aanmekaar sodat dit 'n sir-



kel vorm. Pars alle nate oop. Vou die val
sodat dit 9 cm breed is en pars. Verdeel
die val in vier en merk met spelde. Ver-
deel nou die dekenrand ook in vier en
merk met spelde. Trek met rygsteek en
dubbelgare 'n kwart van die valletjie in
om 'n kwart van die deken te pas. Speld
vas met rafelkante op mekaar. Herhaal
nou met die oorblywende drie dele. Dit is
makliker om die val so te verdeel omdat
dit moeilik is om met ingerygde ma-
teriaal te werk en die gare maklik breek
wanneer dit so lank is. Stik met die ma-
sjien.

Plaas die deken met verkeerde kant na
bo op die vloer. Plaas watteersel bo-op.
Sorg dat die watteersel effens by die rand
oorsteek. (Omdat die watteersel nooit
breed genoeg is, moet dit gelas word.

Plaas die twee stukke teen mekaar en las
dit met visgraatsteek.) Speld watteersel
op die deken vas en stik dan om die
rande vas. Knip oortollige watteersel af.
Speld nou die watteersel hier en daar in
die middel aan die deken vas om dit op
mekaar te hou.

Plaas nou die voering en deken met
regte kante op mekaar, en die val tussen-
in sodat die rafelrande op mekaar is. Die
gevoude kant van die val moet dus na die
middel wys. Stik vas om drie en 'n halwe
kant, maar laat die helfte van een kant
oop. Dop na regte kant om. Vou die naat-
toelating van die oop kant na binne en
werk met die hand toe.

Verwyder spelde. Met borduurgare
word die boonste deel aan die voering
vasgewerk met 'n paar stekies in die hoek
van elke vierkant. ●

